

Bib 55/87

510/85/AV

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

MINISTER VAN WET EN ORDE VAN  
DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

1ste Appellant

KONSTABEL SEADY MARSH

2de Appellant

en

LEWIS HENDRICKS

Respondent

CORAM: CORBETT, GROSSKOPF, NESTADT, ARR, BOSHOFF et  
KUMLEBEN, WnARR

VERHOOR: 7 Mei 1987

GELEWER: 27 Mei 1987

---

UITSpraak

GROSSKOPF, AR

In h skietvoorval wat op 12 September 1981 te Uiten-

hage .....

hage plaasgevind het, het die respondent skietwonde opgedoen. Hiervoor hou hy die twee appellante aanspreeklik - die tweede appellant, 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie, as die persoon wat die skote afgeskiet het, en die eerste appellant as die tweede appellant se werkgewer. Dit is dan ook 'n algemene saak dat die eerste appellant in die onderhawige geval middellik aanspreeklik is vir die tweede appellant se optrede. Ten einde sy vordering af te dwing het die respondent in die Suidoos- Kaapse Plaaslike Afdeling 'n aksie om skadevergoeding teen die twee appellante ingestel.

Die appellante het 'n verweerskrif op die meriete sowel as 'n spesiale verweerskrif geliasseer. Tans is net laasgenoemde ter sprake. Die wesentlike bewering daarin

is .....

is dat die respondent nie behoorlik kennis gegee het van die geding soos vereis deur art. 32(1) van die Polisie wet, no. 7 van 1958 ("die Wet") nie. Die partye het by ooreenkoms alle feite wat ter sake is by die beregting van die spesiale pleit in 'n gestelde saak beliggaam, en die hof versoek om, voordat hy op die meriete van die saak ingaan, eers uitspraak oor die verweer geopper in die spesiale pleit te lewer. Die hof (SMALBERGER R soos hy destyds was) het aan hierdie versoek voldoen. Nadat argument aangehoor is het hy die spesiale pleit afgewys met koste. Die appellante kom nou met verlot van die verhoorregter in hoër beroep teen hierdie bevel.

Art. 32(1) van die Wet, waarop die spesiale pleit ge-

grond .....

grond is, lui soos volg:

"Enige siviele geding teen die Staat of enige persoon, ten opsigte van enigiets uit hoofde van hierdie Wet gedoen, moet ingestel word binne ses maande nadat die eisorsaak ontstaan het, en skriftelike kennis van enige siviele geding en van die oorsaak daarvan moet aan die verweerder gegee word minstens een maand voordat dit ingestel word."

Dit is gemene saak dat die gewraakte optrede van die tweede appellant n daad was wat "uit hoofde van hierdie Wet gedoen" is, en dat die respondent derhalwe verplig was om art. 32(1) van die Wet na te kom, indien hy n geding teen die appellante wou instel. Die vraag vir beslissing is dus of daar inderdaad sodanige nakoming was. Die feite in hierdie verband is soos volg.

Die .....

Die skietvoorval, soos reeds vermeld, het op 12 September 1981 plaasgevind. Op 10 Desember 1981 rig die respondent se prokureurs die volgende brief per aangetekende pos aan die Kommissaris van Polisie:

"Geagte Meneer

AANRANDING: LEWIS HENDRICKS: SIVIELE EIS

Ons tree op namens mnr. Lewis Hendricks normaalweg woonagtig te Dodostraat 18, Rosedale, Uitenhage en wie hom tans bevind te die Conradie Hospitaal, Kaapstad.

Op die 12de September, 1981 het Konstabel Marsh verbonde aan die Suid-Afrikaanse Polisie, Gelvandale, Port Elizabeth ons kliënt met 'n vuurwapen geskiet terwyl hy aan diens was en opgetree het in die uitvoering van sy pligte.

As gevolg van die voornoemde het ons kliënt sekere beserings opgedoen en word hy tans behandel in die Conradie Hospitaal.

Ons kliënt se instruksies is dat die aanranding op hom wederregtelik, opsetlik en/of

nalatig .....

nalatig was en gevolglik word u aanspreeklik gehou vir ons kliënt se skade.

Op hierdie stadium het ons nog nie mediese verslae beskikbaar om u meer besonderhede aangaande ons kliënt se beserings te gee nie maar sodra dit bekom is sal u onmiddellik voorsien word van foto-afdrukke daarvan. Dit blyk egter asof ons kliënt permanent verlam sal wees as gevolg van die aanranding op hom.

Namens ons kliënt eis ons derhalwe van u hiermee betaling van die bedrag van R20,000-00 ten opsigte van pyn, skok, lyding, skadevergoeding, permanente en/of tydelike ongeschiktheid en verlies aan lewensgenietinge.

Aangesien daar nog heelwat konsultasies gevoer moet word met die verskeie dokters in hierdie verband wil ons egter respekvol voorstel dat verjaring van hierdie saak uitgestel word tot en met die laaste dag van Desember 1982 ten einde ons in staat te stel om meer besonderhede aangaande ons kliënt se beserings aan u voor te lê.

Ons ontvang graag derhalwe u bevestiging dat verjaring uitgestel mag word soos voorgestel voor of op die 10de Januarie 1982.

h Brief is per aangetekende pos gestuur aan Konstable Marsh te die Suid-Afrikaanse Polisie, Gelvandale, Port Elizabeth waarin hy ook aangespreek word vir betaling van die bedrag van R20,000-00 en u aandag word daarop gevestig dat hierdie bedrag geëis word van u gesamentlik en afsonderlik met Konstabel Marsh die een betaal die ander kwytgeskel te word."

Art. 32(2) van die Wet bepaal dat indien die kennis beoog in sub-art. 1 aan die Kommissaris van Polisie gegee word, dit geag word kennisgewing aan die betrokke verweerder te wees. Indien bogemelde brief, wat inhoud betref, voldoen aan die vereistes van art. 32(1) sou dit dus kon dien as kennisgewing aan albei appellante. Dit is gevolglik nie nodig om te verwys na die minder uitvoerige brief wat op 10 Desember 1981 aan die tweede appellant gestuur is nie.

Die .....

Die brief aan die Kommissaris van Polisie het die

volgende antwoord ontlok:

"Ontvangs van u skrywe CTA MINNAAR/sj gedateer 81-12.10 word hiermee erken.

Die aangeleentheid word na die Afdelingskommissaris, S.A. Polisie Privaatsak 6020, Port Elizabeth verwys vir die nodige ondersoek en deursending van die stukke aan die Staatsprokureur, Port Elizabeth vir aandag. Hy sal u daarna voorsien van die Staatsprokureur se verwysingsnommer asook die naam van die beampste wat die aangeleentheid hanteer.

Uitstel van verjaring word hiermee verleen tot 31 Desember 1982."

Daarna het 'n aantal briewe tussen die partye gevolg. Onder meer het die respondent se prokureurs op 12 November 1982 verdere uitstel van "verjaring" (d.w.s. verlenging van die vervaltermyn in art. 32(1)) tot einde 1983

versoek .....



versoek. Die Brief van die Staatsprokureur gedateer 15

November 1982 verwys na die telefoongesprek tussen die partye se prokureurs, en staan die verlenging van die vervaltermyn tot 30 April 1983 toe. Die Dagvaarding is op 22 April 1983 uitgereik.

Namens die appellante is aanvaar dat die brief van 10 Desember 1981 binne die tyd deur art. 32(1) voorgeskryf ontvang is, en dat dit die voldoende aanduiding van die respondent se skuldoorsaak (die "oorsaak" van die "siviele geding") bevat het. Daar is egter betoog dat die brief nie voldoende "skriftelike kennis van enige siviele geding" gegee het nie, m.a.w., dat dit nie duidelik genoeg aangedui het dat die respondent beoog het om aksie in te stel nie.

Om .....

Om hierdie betoog na waarde te skat moet 'n mens eers vasstel wat dit is wat deur art. 32(1) in hierdie verband vereis word. Hierdie ondersoek behels 'n vertolking van die woorde van die sub-artikel gelees in hul samehang, waarby ek insluit die aard en inhoud van die artikel en sy blykbare strekking en doel. (Sien Jaga v Dönges NO & Another; Bhana v Dönges NO & Another 1950(4) SA 653 (A) op bl 662 H).

Oor die doel van die sub-artikel is die volgende gesê in Labuschagne v Labuschagne; Labuschagne v Minister van Justisie 1967(2) SA 575 (A) op bl 587 G - 588 A:

"Die bepaling beoog dat die verweerder minstens 'n maand voor die instelling van die geding kennis daarvan moet kry en ook ingelig word aangaande die eisorsaak. Daar word op skriftelike kennisgewing aangedring, vermoedelik omdat dit sekerheid in die hand

werk .....

werk. Die bepaling beoog vermoedelik dat, watter onderhandelings daar nou ook al van tevore tussen die partye mag plaasgevind het, die verweerder: nogtans 'n skriftelike kennisgewing moet ontvang waarin hy meegedeel word dat 'n geding teen hom ingestel gaan word. In gewone omstandighede hoef 'n eiser nie die verweerder: in te lig oor sy voorneme om 'n geding teen hom in te stel nie. Vanweë die besondere omstandighede van die verweerdere waarna art. 32 verwys, het die Wetgewer dit goed gedink om te bepaal dat hulle slegs by 'n geding betrek kan word nadat hulle 'n kennisgewing van die eiser se voorneme om 'n geding in te stel ontvang het. Die rede vir hierdie bepaling - hoewel die nie noodwendig die enigste rede mag wees nie - skyn te wees dat die verweerder minstens 'n maand gegun moet word om te besluit wat hom te doen staan waar hy onder die bedreiging van die instelling van 'n geding staan. Die verweerder moet die geleentheid gegee word om op die in die kennisgewing gestelde eis-oorsaak in te gaan, getuienis te probeer bekom, regsadvies in te win en, veral waar

die .....

die Staat betrokke is, kwessies rakende beleid te oorweeg."

Daar is twee aspekte van hierdie passasie waarop ek effens wil uitwei. Die eerste is die suggestie dat 'n kennisgewing ingevolge die sub-artikel aan dié verweerder moet meedeel "dat 'n geding teen hom ingestel gaan word" (op bl 587 H). Labuschagne se saak het, in die aangehaalde passasie, gehandel met die breë ratio wat onderliggend aan art. 32(1) is en nie met die presiese inhoud wat 'n kennisgewing ingevolge die sub-artikel moet hê nie. Dit is dus nie verbasend dat die woorde wat ek pas aangehaal het myns insiens nie heeltemal akkuraat is nie - trouens, na my mening is die woorde "n geding ... ingestel gaan word" te absoluut. Op die tydstip wanneer 'n eiser kennis ingevolge die sub-artikel gee sou daar selde

enige .....

enige sekerheid wees dat regstappe inderdaad sal volg.

Die eiser sou normaalweg hoop dat sy vordering betaal of geskik sal word sonder die noodsaaklikheid van regstappe.

Van 'n praktiese standpunt sou 'n mens dus nie verwag dat die wetgewer meer sou vereis as 'n uitdrukking van die eiser se voorneme om, indien sy vordering nie betaal of geskik word nie, 'n aksie in te stel nie. Ek meen ook nie dat die woorde "kennis van enige siviele geding" in hul gewone betekenis enige hoër vereiste stel nie.

Die tweede aspek van die bogemelde passasie waarna

ek .....

ek wil verwys, is die volgende. Soos blyk uit die passasie,

strek art. 32(1) tot voordeel van die verweerders

waarna die sub-artikel verwys en tot nadeel van die eiser -

soos dit gestel word in die passasie; in gewone omstandig-

hede hoef 'n eiser nie 'n verweerder in te lig oor sy voorneme

om 'n geding teen hom in te stel nie, maar ingevolge art. 32

(1) verbeur hy sy vordering indien hy dit nie betyds doen

nie. Die hof se benadering tot die uitleg van die sub-arti-

kel behoort dus myns insiens te wees dat, insoverre die taal

van die sub-artikel dit toelaat, die verweerder die beskerming

behoort te ontvang wat die sub-artikel hom bied sonder dat

'n onnodige swaar las op die eiser geplaas word (vgl. Avex

Air (Pty) Ltd v Borough of Vryheid 1973(1) SA 617 (A) op

bl .....

bl 621 F-G). En na my mening is die bewoording van die sub-artikel heeltemal vatbaar vir so 'n benadering. Dit bevat geen vormvereistes waaraan die kennisgewing moet voldoen nie. Al wat nodig is, is dat skriftelike kennis van die siviele geding gegee word. Hierdie is vae en algemene woorde. Ek verstaan daardeur dat daar aan die verweerder op skrif aangedui moet word op 'n manier wat vir die gewone mens verstaanbaar sou wees dat die eiser beoog om 'n regsding in te stel as sy vordering nie betaal of geskik word nie. Daar is niks in die bewoording of samehang van die sub-artikel wat na my mening enige ander of hoër vereiste stel nie.

Die vraag of 'n kennisgewing voldoen aan die vereistes wat ek hierbo bespreek het is 'n feitevraag wat coreenkomsdig die omstandighede .....

stándighede van elke saak beslis moet word. Dit sou dus na my mening geen nuttige doel dien om na vorige gewysdes waarin hierdie sub-artikel toegepas is, te verwys nie. In die onderhawige geval is die brief van 10 Desember 1981 deur 'n prokureur namens die respondent geskryf en per aangetekende pos gestuur. Hieruit sou 'n mens kon aflei dat dit nie beskou is as 'n onbelangrike of terloopse mededeling nie. Die brief sit die omstandighede uiteen wat tot die respondent se vordering aanleiding gegee het, beweer dat die aanranding op hom "wederregtelik, opsetlik en/of nalatig was" en dat hy beserings opgedoen het wat hom skade berokken het in 'n bepaalde bedrag. Met ander woorde, al die elemente van 'n skuldoorsaak weens onregmatige daad word beweer. Dan gaan die brief voort deur

te .....



te boekstaaf dat die Kommissaris van Polisie (as verteenwoordiger van die Staat) "aanspreeklik gehou" word vir die respondent se skade, en later in die brief eis die respondent se prokureurs, namens hul kliënt, betaling deur die Kommissaris en die tweede appellans, gesamentlik en afsonderlik, van die bedrag van R20 000 ten opsigte van pyn, skok, lyding, skadevergoeding, permanente en/of tydelike ongeskiktheid en verlies aan lewensgenietinge. Die opskrif van die brief is dan ook "Aanranding: Lewis Hendricks: Siviele Eis". Die enigste manier waarop aanspreeklikheid bewys en 'n eis afdwing kan word is deur die regsproses, en dit sou nie vergesog wees om te betoog dat 'n persoon wat 'n aangetekende prokureursbrief met die bogemelde strekking ontvang duidelik sal verstaan .....

staan dat 'n regsaksie beoog word as die saak nie geskik word

nie. Sien Coetzee v Minister of Law and Order and Others

1984(4) SA 752 (E) op bl 756 H-I; Sibeko and Another v

Minister of Police and Others 1985(1) SA 151 (W) op bl 166

H-I. Dit is egter nie nodig om 'n mening oor die juistheid

van hierdie beslissings uit te spreek nie, want daar is 'n

belangrike bykomstige element in die onderhawige saak. In

die brief is verwys daarna dat sekere mediese verslae nog nie

beskikbaar was nie, en dat verdere konsultasies met dokters

gevoer moes word. Inligting wat hierdeur bekom word sou

aan die appellante voorgelê word. In die lig hiervan is

versoek dat "verjaring" uitgestel word tot die einde van

Desember 1982, d.w.s. dat die verweerders tot daardie tyd

afstand .....

afstand doen van hul reg om op die vervaltermyn in art. 32 van die Wet staat te maak. Die enigste doel van die vervaltermyn is om die tyd te bepaal waarbinne 'n regsgeding ingestel kan word. Die respondent se versoek om 'n verlenging van hierdie termyn was, in die samehang van die res van die brief, 'n ondubbelsinnige aanduiding dat hy beoog om 'n hofgeding in te stel indien die mediese gegewens wat hy van plan was om voor te lê, nie op 'n bevredigende skikking uitloop nie. En blykbaar het die appellante ook die saak so ingesien - soos blyk uit die Kommissaris van Polisie se brief wat ek hierbo aangehaal het, is daar onmiddellik besluit om die aan- geleentheid na die Staatsprokureur te verwys. Vergelyk die Avex Air saak, supra, op bl 622 A.

Weens .....

Weens die voorgaande meen ek dat die brief van 10 Desember 1981 enige redelike mens sou laat beseef het dat die respondent voornemens was om 'n aksie in te stel indien sy eis nie betaal of geskik was nie. Na my mening het die brief dus voldoen aan die vereistes van art. 32(1) en is die spesiale verweerskrif tereg deur die hof a quo afgewys.

Die appèl word afgewys met koste.

---

E M GROSSKOPF, AR

CORBETT, AR  
NESTADT, AR  
BOSHOFF, WnAR  
KUMLEBEN, WnAR

} Stem saam